# VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

## GEWONE BESLUITE

### Gewone Besluit Nommer 1

**Goedkeuring van finansiële jaarstate**

Kragtens die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet") is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy sowel die finansiële jaarstate van die maatskappy as die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir oorweging voor te lê.

### Gewone Besluit Nommer 2

**Goedkeuring van direkteure se vergoeding**

Kragtens die statute van die maatskappy moet die vergoeding van direkteure by die maatskappy se algemene jaarvergadering vasgestel word.

### Gewone Besluite Nommers 3-10

**Verkiesing van direkteure**

Kragtens die statute van die maatskappy tree een-derde van die direkteure of, indien hulle nie 'n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan 'n derde, maar nie minder nie as 'n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. 'n Persoon wat deur die direkteure aangestel is, moet by die eersvolgende algemene jaarvergadering aftree en vorm nie deel van die derde van direkteure wat volgens rotasie moet aftree nie. Direkteure mag hulself vir 'n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 10 en 11 van die jaarverslag.

### Gewone Besluit Nommer 11

**Goedkeuring vir die plasing van aandele onder beheer van die direkteure**

Kragtens die Maatskappywet moet lede van die maatskappy die plasing van aandele onder die beheer van die direkteure goedkeur. Die bestaande goedkeuring verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word. Aandeelhouers word daaraan herinner dat 26 000 000 gewone aandele en 5 000 000 B-gewone aandele vir die Remgro Aandeleskema gereserveer is, kragtens 'n aandeelhoudersbesluit geneem op 21 September 2000.

## SPESIALE BESLUITE

### Spesiale Besluit Nommer 1

**Magtiging vir die terugkoop van aandele**

Die jaarlikse hernuwing van dié magtiging word deur die Maatskappywet en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("noteringsvereistes") vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word.

### Spesiale Besluit Nommer 2

**Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies**

Die algemene magtiging word aan die direkteure gegee ten einde hulle in staat te stel om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.